

# Jenny kan jou braaktaal leer

**OCKERT DE VILLIERS**

Soos Rex Harrison in die 1967-film *Dr. Dolittle* kan Jenny Shone van Mid-vaal ook met diere praat.

Jenny is wereldwyd bekend as 'n dierekommunikeerder, spreker, opvoeder en skrywer van die boek *Puzz & Listen to the Voices of the Animals*.

Klink jou hond se geblafverdag? Soos "woef-woef, ek sé" of het jou koel 'n Franse aksent soos *Le Moo*?

Dié Dr. Dolittle leer mense hoe om op 'n hoer vlak deur telepatie met troeteldiere te kommunikeer.

So, as antie Gertie se woef heeltyd op jou papawers piepie, kan Jenny jou leer hoe om die keffer-tjie in sy taal te vertel hy moenie.

"Bate mense dink as jy met 'n dierekommunikeer, hoor jy woorde uit die dier, maar dis nie so nie.

"Hulle kommunikeer deur gesagtes, gevoelens en prentjies wat hulle na mekaar stuur."

Wat dikwels gebeur, is dat die prentjie wat in jou kop verskyn wat jy wil hé 'n dier nie moet doen nie - die boodskap is wat die dier kry en wat hy dan juis doen.

"Wanneer jy jou Jack Russell aan jou nuwe paar Nike-tekkes vang koe, is jou eerste reaksie om te skree hy moenie."

Jenny sé jy stuur sonder dat jy dit weet vir die hond 'n prentjie van homself wat koe en die dier dink jy keur dit goed.

"Dis baie beter om te sé kom ons speel met die bal."

Jenny sé daar's selde probleem-diere - daar's eerder probleem-base.

"Wanneer 'n dier siek of ag-gres-

sief is, spruit dit dikwels uit vrees of onsekerheid," sé Jenny.

In haar werkessies leer sy base hoe om diere eenvoudige goed te vra.

"Ek sal 'n dier vra wat sy gunstelingkos is.

"Die eerste prentjie wat in jou kop kom, sal die dier se keuse wees.

"Die mees nie-dier-antwoord wat jy kry, is gewoonlik dit wat die dier wil hé."

As 'n appel die eerste prentjie

is wat by jou opkom, is dit tien teen een snuffels se gunstelinghapplie.

Jenny doen ook langafstand-kommunikasie met diere en kan net deur 'n foto met die dier praat.

Met dié gawe kan sy diere wat wegeloop het, opspoor en die base presies sé waar om die dier te soek.

Jenny sé party diere wil nie met mense kommunikeer nie.

"Een van my kliente het haar Yorkie van my vertel en die hondjie het reguit na my gehardloop en vir my gevra: "So, wat is nou so spesiaal aan jou?"

Sy kry ook gereeld te doen met wilde diere en diere in dieretultine.

Jenny sé ondanks die klein hokke is dieretultiere gelukkig, want hulle weet nie van beter nie en dis belangrik om hulle nie van die groener weivelde te laat weet nie.

Jenny sé haar husky, Riff Raaf, het 'n reuseaandeel in die skryf

van die boek gehad.

Hy het haar oorreed om met die skryf van die boek voort te gaan sodat diere se stories vertel word.

Haar gesprekke met diere het haar al op verskeie avonture gevat en die lys van diere is so groot soos Noag se ark s'n.

Van 'n haai by uShaka-akwarium tot olifante in die Krugerwildtuin.

Haar gawe is nie beperk tot haar nie, maar Jan en alleman kan ook so met diere praat, of kom, maar baie het dit verloor.

'n Jagluiperd in 'n leeuypark het eenkeer 'n boodskap aan Jenny oorgedra wat mense dieper insig in die saak sal gee.

"Die skoonheid wat julle in ons sien, sien ons in Julie.

"Bate van Julie het die pad byster geraak, maar ons kan Julie weer op die regte pad tot Julie ware self help kom.


"Wees buigbaar, moenie oordeel nie, want ons is Julie oë.

"Vertrou in julleself, want Julie is mooi!" het die jagluiperd gesê.





... en twee paar Nike-tekkië  
vang kon, is jou eerste reaksie om  
te skree hy moenie."



Jenny en Rebecca

Jenny by Jessica, 'n donkie waarmee sy telepaties kommunikeer.  
Foto's: NICOLENE OLCKERS